In hierdie departement is daar beslis nie `n tekort aan karakter en ervaring nie!

Alhoewel ons metodes nie altyd ortodoks is nie, het ons al uit ondervinding geleer hoe om dit vir ons spesifieke konteks te Iaat werk. Die klem val op die aanleer van vaardighede om die taal beter aan te wend eerder as die indril van sekere vakinhoud. Dit beteken geensins dat ons leerders nie daarin onderrig word nie, maar die taal groei en so het ons aanbiedingsvaardighede by die omstandighede aangepas.

Die werk moet relevant wees . Ons leer ons kinders om met gesag te kan praat, skryf, Iuister, Iees en in die proses moet hulle die grammatika van die taal kan toepas. As dit nie ons leerders voorberei vir die lewe hierna nie, mors ons tyd. Terselfdertyd poog ons om `n Iiefde vir ons huistaal te kweek – die taal wat ons so na aan die hart Iê.

Leerders neem jaarliks deel aan die Taalbondeksamen en ook aan die BSV se skryfkompetisie. 2011 het ons die nasionale naaswenner opgelewer.

Mee. Suanne Swart, Olivia Steijn en mnre. Lucky Groenewald, Arno Gerber, Riaan van Lill, Oupie du Plessis en Rico Hunter is aan die departement verbonde.